12 Mei 2019
Derde Sondag ná Pase
Moedersdag

So, gaan dit nou gebeur – die Koninkryk van God – nou, ná die verkiesing?

"Toe hulle weer 'n keer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra:
'Here, is dit nou die tyd dat U weer die koninkryk vir Israel gaan oprig?'
Hy het hulle geantwoord: 'Dit is nie vir julle om die tyd en omstandighede te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie. Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.'"
(Handelinge 1:6-8)

So het Woensdag, 8 Mei 2019, gekom en gegaan; die algemene verkiesing in ons land is verby. Wat nou? So het Pase 2019 gekom en gegaan – die Donderdagaand se brood en wyn, die kruis van Vrydag, die oop graf van Sondag – wat nou?

Vir die dissipels was die opstanding van Jesus natuurlik 'n verrassing. Onvoorsiens – hoewel Hy dit ten minste drie keer vooraf aan hul duidelik gemaak het, het hulle dít nie verwag. Uit vrees vir die Jode en Romeine, het hul daardie Donderdagnag uitmekaar gespat; teen Sondagmiddag mekaar weer gekry, maar bang die deure gesluit gehou (Joh. 20:19); in die weke daarna weer gaan visvang en nie geweet wat om te maak van dit wat hul gesien, gehoor en beleef het nie (Joh. 21:3). En, hoewel hul in geloof Hom probeer raaksien het vir Wie Hy is – *"Hulle het geweet dat dit die Here is"* (Joh. 21:12) – het die vraag bly hang: wat nou? Wat staan ons as "dissipels"/"volgelinge van Jesus" te doen, nou ná Pase, ná die verkiesing van 2019? Gaan U nou die koninkryk van die hemel oprig?

Van die Apostel Johannes, sy evangelievertelling en die goeie nuus oor Wie Jesus van Nasaret was – brood, lig, ingang na die skaapkraal, herder, opstanding en lewe, weg en waarheid, wingerdstok vir die lote – gaan ons oor na Lukas se vertelling van wat hierná gebeur het. En dat Jesus "in die loop van veertig dae" meermale aan sy dissipels verskyn het, terug met sy heel eerste en belangrike boodskap oor "die koninkryk van die hemel" (Joh. 1:49, 18:36; Hand. 1:3). So die verwagting was groot, die tyd ryp... volgens die dissipels: "Gaan U nou...?"

Jesus se antwoord oor dié Koninkryk verras wéér: oor die wanneer, waar, wie en hoe!

JL.

Baie welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds.Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; die gesinsdiens in die saal gelei deur ds. Johan Marais. Agter in die kerkgebou is Bybels en Liedboeke indien u een benodig. Uit die binnehof is deure na die Moederskamer en toiletgeriewe. Almal is uitgenooi vir 'n koppie koffie & tee in die binnehof, ná die diens.

Indien u enige vrae het of met die leraar oor vanoggend se erediens wil gesels, skakel/sms gerus vir Ds Jan Lubbe (082 784 9362).

Ander eredienste vandag:

Sothodiens:	Om 15:00 – Teol.std. Steve Bopane.
Aanddiens:	Om 18:00 – ds. Jan Lubbe: *"In Gods kerk zingen men Gods lied! Die Sinode van Dordrecht (1618-1619) en ons kerklied"* (Diens met gemeentesang en orrelmusiek deur Johan Cromhout).
Sondag, 19 Mei:	Oggend om 09:30 – ds. Johan Marais; gesinsdiens in die saal – Prop Nico Oosthuizen. Geen aanddiens, maar wyksbyeenkoms – sien ingeslote pamflet met besonderhede.

DEURKOLLEKTES:

5 Mei	Fonds Middestad- en Arbeidsbediening	R 1 926,00
12 Mei	Fonds vir VS Vrouelidmate.	
19 Mei	Fonds Teologiese Opleiding.	

Inligtingstuk oor deurkollektes is agter in die kerk op die tafel beskikbaar.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Verjaarsdae:
Ons hartlike gelukwense en seënbede aan almal wat vandag en in die week verjaar:

12 Mei	Louis Heyns en Renschè Kühn.
13 Mei	Corrie Top, Jenny Pickard, Enrico Botha, Werner Botha, Elmari Botha.
14 Mei	Abie Geldenhuys.
15 mei	Kathy Jansen, Bert Top en Lua Haasbroek.
16 Mei	Lettie Kok en Franco Fourie.
17 Mei	Betsie Barkhuizen, Nico J v Rensburg, Celesté Groenewald, Cheryl Zietsman, Zanie Bester en Charl Malan.
18 Mei	Saai Pienaar, Ivan Theunissen, René Vorster, Hans Weber, Suné Foord en Lihan Botes.

Siekes tuis of in hospitaal:
Ons dink in gebed aan hulle wat siek is, in hospitale of tuis aansterk ná operasies of behandeling: Tannie Retha Connoway (Kmdt. Senekalstr. 57, wyk 3a); Philip Kuhn (Plettenbergstr. 7, wyk 14); Linda Raath (Striata 42, wyk 13a); James Brink (Paul Rouxstr. 71, wyk 4a) en Chris Benade (Dan Pienaarrylaan 75H, wyk 11a). Ons dink ook aan Oom Mike de Kock (Noorderbloem), wat 'n terugslag met sy gesondheid gehad het. Mag jul almal die nabyheid van die Lewende Christus beleef.

Meelewing:
Ons opregte meegevoel aan Johann en Sue Oosthuysen (Langenhovenpark, wyk 13a) en Annelize Marais (Genl. Conroystr. 15, wyk 9b), met die heengaan van Tannie Anna Oosthuysen – haar gedenkdiens was afgelope Vrydag hier. Ons dink ook aan Pirrie Steyn (Markgraafstr., wyk 20b), met die afsterwe van Oom Willie; sy begrafnis het gister plaasgevind. Ons bid julle die troos van ons Vader toe.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIE:

Woensdag, 15 Mei 05:30 – Mannebiduur in die konsistorie
15:00 – Gebedskring by Serenitas 161
19:00 – Bybelstudie: *"Essensie van Christelike lewe"* (Mat. 5:33)
Donderdag, 16 Mei 09:00 – Bybelstudie: Fil. 2:5-11 *"Christus verneder en verhoog"*

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg (Leraarswyke):

Wyke 1-10 – ds. Johan Marais (084 517 8052)
Wyke 11-20 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig. Daarom vra ons dat wanneer u vanjaar hospitaal toe sou gaan, of tuis siek is en graag 'n besoek verlang, u ons sal kontak – ons kry nie meer naamlyste by die hospitale nie en sal dus nie weet dat u daar is nie. Indien daar ander nood is of 'n behoefte aan 'n huisbesoek of pastorale gesprek: kontak ons en ons maak graag 'n afspraak met u.

Personeel & Kantoorure:

Neem asb. kennis van die ure en kontakbesonderhede van ons personeel:

Kantoorbestuurder: **Rita van Zyl** (051-436 2750) – soggens **(kantoor@bergendalkerk.co.za)**
Adminbeampte: **Adri van den Berg** (051-436 2750) – smiddae **(admin@bergendalkerk.co.za)**
Terreinbestuurder: **JJ Calitz** (083 281 1168) – Maandae, Woensdae, Vrydae **(terrein@bergendalkerk.co.za)**
Hulpkosters Sondae: **Petrus Marais** & **Monozel Foulds** – Sotho-/aanddienste

Gasvryheidsbeurt, sorg-en-omgee:

Wyke 17 (Noorderbloem en buurt) en **18** (Verre Noorde) is in Mei aan diens vir gasvryheid op Sondae met teeskink na die erediens en verskaffing van etes aan Bloemshelter Vrydagaande. Indien u as vrywilliger by ons gasvryheid, sorg-en-omgee betrokke wil raak, kontak asb. die kerkkantoor (051-436 2750).

BEDIENINGE

GEMEENTEBEDIENING

Feesviering vir kerkinwyding, 1959-2019:

Ná 'n geseënde en gesellige feesdag om die inwyding van ons kerkgebou sestig jaar gelede te herdenk, bedank ons graag almal wat 'n bydrae tot die dag gemaak het: Victor Reitz en die ouderlinge; Louis Kruger, Mariëtte Pretorius en die diakens; die kantoor- en terreinpersoneel (Rita, Adri, JJ, Jeanette, Paulina, Petrus, Monozel en Andrew); orrelis Johan Cromhout en Paul Loeb van Zuylenburgh; oudl. Ellen-Anne Swart en Gemeentebediening; Benita Hancke, Lienkie Marais en die Vrouekomitee; Germarie Adendorff en die kategete; Danie Joubert en die fotograwe – dit was 'n wonderlike feesgeleentheid vir ons gemeente; dankie aan almal wat dit met entoesiasme ondersteun het. 'n Spesiale dankwoord aan borge Pick&Pay, Deetlefs Wyne, dr Johan van Rensburg, Marliza Calitz en Jan en Sanette Greyvenstein (verblyf vir prof. Potgieter-hulle). Daar is nog wyn @ R 100 p/bottel by die kantoor te koop.

Indien u verlede Sondag 'n bord met ete vir iemand tuis geneem het, besorg asb. so spoedig terug aan die kombuis – dit was deel van gehuurde breekware...

NCLS – Vraelys vir Lidmate oor ons gemeentelewe:
'n Vriendelike versoek: indien u nog 'n voltooide NCLS-vraelys tuis het, bring dit asb. vóór Woensdag, 15 Mei, kerkkantoor toe. Indien u nog glad nie een voltooi het nie en graag jou mening oor ons gemeentelewe wil bydra, skakel asb. met Rita by die kerkkantoor, of met Ellen-Anne Swart (083 672 8445) – ons waardeer almal se tyd...

Kuierklub: "'n Besoek aan die Sinode van Dordrecht, 1619"
Eerskomende Woensdag, 15 Mei om 09:30, is alle senior lidmate en ander belangstellendes uitgenooi om ná 400 jaar 'n "besoek aan die Sinode van Dordrecht" te bring – kom hoor en kyk waaroor dit alles gegaan het. Daarna: 'n gesellige kuier... Sien ook die ingeslote pamflet oor ons teologiese konferensie later vandeesmaand, met die tema *"400 Jaar Verkiesing en Vertolking"*.

www.bergendalkerk.co.za
Gaan besoek gerus ons splinternuwe webwerf waar jy alle inligting oor ons gemeentelewe kan kry – die Almanak, weekliks die Fokus, klankopnames van preke, administratiewe vorms, alle kontakbesonderhede, kleurvolle foto's en 'n gedagte vir die week. Alles op een plek bereikbaar en om jou te help meeleef – kom loer in!

BARMHARTIGHEIDSBEDIENING
Dag van Hoop en Heling:
Ons beplande Dag van Hoop en Heling (19 Mei) is uitgestel na Augustus...

Gemeentemark:
Die volgende Gemeentemark is op Vrydag, 31 Mei 2019 – skenkings van klere en ander bruikbare artikels is welkom om ons voorrade aan te vul.

Ondersteun bejaardes in Siësta Tehuis:
Ons het 'n versoek om hulp vanaf Siësta Tehuis gekry vir bejaardes wat toiletware benodig: tandepaste, tandeborsels, sjampoe, waslappe, seep, handeroom, reuk-weerder, "Big"-skeermesse vir vier ooms en tien tannies – bring gerus 'n bydrae na die kerkkantoor.

Mei is ons Spesiale Dankoffermaand: ons mik na R 465 000 vir 2019 – sien ingeslote pamflet oor ons gemeente se geldsake.
Baie dankie by voorbaat.

'n Baie besondere Kunsuitstalling in die Kerksaal:
Almal word uitgenooi om hierdie week 'n kunsuitstalling van Kobus Smit, Graham en Riëtte Carter in die kerksaal by te woon – skilder- en beeldhouwerk en pottebakkery. Opening Dinsdagaand, 14 Mei om 18:00 en tot Donderdag, 12:00. Kom kyk...